# Lekkerbekkie

Gratis e-tydskrif vir ouers en kleuters

Uitgawe 11

Maart 2012



## Inhoud

### Artikels

Ons gesels met: sangeres Cheree Strydom ........................... 3
Jou kind en groepsdruk ....................................................... 4
Pienkvoet Pret: Speel-speel groot! ......................................... 5
Kuns: "Pop-up" kaartjies! ...................................................... 6
Kuns: Maak 'n Lekkerbekkie Muis dobbelsteentjie! .............. 7
Rubriek: Ons plus twee ......................................................... 7
Oulike produkte: Meer as 800 kinderstories ........................... 8
Oulike fotos ............................................................................ 9

### Vir die kleingoed

Storie: Lekkerbekkie en die sterretjies.................................. 1
Inkleurprentjie ......................................................................... 2

### Bak en brou

Resep: Jellie Akwariums ........................................................ 6

### Kompetisie

Wen 'n *Bybel Buddies* storie-CD ............................................10

Kontakbesonderhede ...........................................................10

Foto: Ancha Groenewald - 2 jaar

## 'n Maand vol mooi dinge…

Maart is vir my die lekkerste tyd van die jaar. Dit laat my dink aan herfsblare en lemoenkoek. Die dae is nie meer so warm nie, en die nagte is nog nie so koud en donker nie. Dis ook die maand waarin ek verjaar, en waarin ons Mila-pop een jaar oud word. Ons Maart-uitgawe van Lekkerbekkie is net so propvol mooi dinge…

Soos my onderhoud met sangeres, Cheree Strydom. Haar positiewe gesindheid het my veral beïndruk, en haar vrolikheid is so opreg dat jy nie anders kan as om ook te glimlag nie!

My assistent het 'n oulike resep vir "Jellie Akwariums" uitgetoets en dit beloof om groot pret in die kombuis te wees! Ons deel praktiese raad oor hoe jy jou kind van kleinsaf weerbaar teen groepsdruk kan maak, in ons storie soek Lekkerbekkie Muis en sy maats na die verlore sterretjies, en drie gelukkige lesers kan hierdie maand 'n "Bybel Buddies" CD wen!

Onthou om Lekkerbekkie vir al jou vriende aan te stuur! Mag jou Maart propvol mooi dinge wees.

**Groete uit die kantoor**
**Anna Emm**










© Anna Emm Productions 2012


# Lekkerbekkie en die sterretjies



Lekkerbekkie Muis woon in die bos saam met al sy maatjies.
Vir Lekkerbekkie Muis is die bos die heel lekkerste en mooiste blyplek in die hele wêreld! Daar is 'n stroompie om in te speel, daar is bessies om te pluk, en daar is so baie wegkruipplekkies tussen die blare. En elke aand sit Lekkerbekkie Muis op sy huis se stoepie en kyk na die sterretjies daar bo in die lug.

"Die sterretjies is die heel mooiste goed in die hele bos!" sê Lekkerbekkie. "Kyk net hoe mooi en hoe blink… en hoe MOOI is hulle!"

Maar een aand toe Lekkebekkie Muis opkyk na die swart lug daar bo, kan hy nie een enkele sterretjie sien nie! Hy kyk en hy kyk, maar daar is niks!

"Dis vreeslik!" roep hy benoud uit. En hy begin sommer huil.

"Wat is dan fout, Lekkerbekkie Muis?" vra Mossie die mossie.
"Al die sterretjies is weg!" huil Lekkerbekkie. "Iemand het dit gesteel!"
Mossie die mossie kyk ook, en sy sien ook niks sterretjies in die lug nie.
"Ons moet hulle dadelik gaan soek!" roep sy uit, en sy en Lekkerbekkie Muis klouter uit die boom, en begin oral in die bos na die sterretjies soek.

"Wat maak julle?" vra Ella Eend.
"Ons soek na die sterretjies!" snik Lekkerbekkie Muis. "Kyk! Iemand het al die sterretjies uit die lug uit gesteel."
Ella Eend kyk ook in die lug op, en sien dat daar niks sterretjies is nie.
"Ek sal help soek!" sê sy bekommerd, en saam soek die drietjies oral in die bos rond.

"Wat gaan aan?" vra die hasies, en hulle hop nader.
"Iemand het die sterretjies uit die lug uit gesteel!" huil Lekkerbekkie Muis. "Julle moet ons help soek!"
Die hasies kyk op in die lug. Daar is niks sterretjies nie. Nou is hulle sommer baie benoud, en ook hulle begin soek onder die blare en in die tonnels en agter die bome na die sterretjies. Maar daar is niks.


Nadat hulle oral gesoek het, gaan sit Lekkerbekkie Muis en sy maats sommer daar in die paadjie. Hulle is baie hartseer.

"Wat is dit tog?" vra Oupa Uil daar uit die boom uit.
Die diertjies vertel vir hom wat gebeur het, maar Oupa Uil lag tog te lekker.
"Die sterretjies is nie weg nie," sê hy, "hulle is net agter die wolke weggesteek."
"Maar ek sien ook nie wolke in die lug nie!" sê Lekkerbekkie Muis en hy kyk en hy kyk.

Dan val daar 'n groot vet waterdruppel op sy neusie! Nog een, en nog een! Dit reën!
"Sien," lag Oupa Uil, "dis die wolke wat die reën bring. Julle kan nie wolke sien nie, want dis donker. Maar ek belowe as dit klaar gereën is en die wolke is weg, sal al die sterretjies nog net daar op hulle plekke wees. Nou toe! Gaan huistoe, voor julle papsopnat reën!"

**Die Einde.**

*Anna Emm het al meer as 700 kinderstories geskryf en op CD vrygestel. Sy woon in Kaapstad en is getroud met 3D animasie kunstenaar, Stefan van der Vyver. Sy is ma van Elanie (12) en Mila (1).*
***www.annaemm.co.za***



© Anna Emm Productions 2012






# Afrikaanse DVD

## Die Avonture van Lekkerbekkie Muis

Agt opwindende stories op DVD oor Lekkerbekkie Muis en sy maats vir voorskoolse maatjies van 2-5 jaar!
(65 min speeltyd)



Bestel jou DVD by
lekkerbekkie@annaemm.co.za

**R149**

(R20 posgeld op bestellings onder R300)



© Anna Emm Productions 2012

# Sangeres Cheree Strydom... oor ma-wees en haar nuwe projekte

**Hoe oud is Taylor-Hope nou?**
Sy is nou 14 maande! Ons nuwejaar het sommer goed afgeskop met haar geboorte op die 3de Januarie, en van nou af gaan elke jaar goed begin! Sy is regtig 'n wonderlike klein mensie. Liewe Jesus het vir ons presies gegee wat ons graag wou gehad het! Sy het pappa se features – wange en neusie, en dan ook daai bos krulle is pappa s'n, maar persoonlikheid is myne. Sy het ook my lekker sterk vel gekry. Sy het net voor haar eerste verjaarsdag begin kruip, so ons is nou baie besig! Ons hol permanent agter haar aan! Sy het begin "hello" sê en orals waar ons kom groet sy nou die mense – dis te oulik! Haar stemmetjie is so laag – maar hoe dan nou anders met Mamma en Pappa se rasperstemme!

**Sy het so 'n besonderse naam. Waar kon dit vandaan?**
Een van my gunsteling sangers is James Taylor, en die naam Taylor was nog altyd so mooi. Hope het een aand by Wynand opgekom, en toe klink Taylor-Hope net vir ons so beautiful! Ons het ook tekens gekry wat dit bevestig het – oral waar ons gekom het het die naam Taylor opgeduik – soos in "Taylor-made", die Gholf brand, asook ons blindings in die huis is "Taylor"…

**Jy en Wynand is altwee kunstenaars – is dit vir jou belangrik om Taylor-Hope kreatief groot te maak?**
Definitief! In ons huis word sy maar so saam met die musiek groot. Ons sing vir haar, klap hande, en dans! Ek wil ook nog vir haar blootstel aan verf en play-dough - nie nou nie, want dit word net in die mat ingevryf…

**Hoe het julle roetine verander vandat die klein mensie daar is?**
Ons vat beslis nou langer om dinge gedoen te kry, en ons bagasie het verdriedubbel! Ek word al hoe beter met inpak. Ons reis nogals baie tussen Langebaan en Pretoria. Taylor-Hope is ook 'n wonderlike travelling-buddy – sy is rustig in die kar en ook as ons vlieg. Dis vir my nogal lekker om haar saam te neem na die shows toe - vroueoggende en dames-tees – die mense geniet haar baie! En dit was van die begin af ons besluit om haar deel te maak van dit wat ons doen.

**Wat is jou drome vir Taylor-Hope?**
Ek wil net hê sy moet gelukkig wees – dit klink soos 'n cliché, maar dis dit! Happiness. Elvis Presley sing in Love Me Tender: "happiness will follow you, everywhere you go…" That's my dream for her. May she always feel close to me, a part of me, and comfortable enough to always want to include her daddy and me in everything! Ek hoop sy kry alles waarvan sy droom!

**Waarmee is jy tans besig in jou eie loopbaan?**
Ek en Wynand het 'n studio by ons huis gebou, en ek is trots om te sê dat ek my eie album opgeneem het! Wel, ek en Tony Ridgeway – my beste vriend en



mentor. Die album "Lesse & Lullabies" is amper gereed vir verspreiding! Dis my geskenk aan Taylor-Hope. Elke liedjie is 'n lessie wat ek graag met haar wil deel. Ek wou vir haar iets moois van myself gee wat sy kan bewaar. Sien uit om dit met almal te deel! Dan is ek en my platemaatskappy ook nog besig om my volgende album reg te kry vir KKNK. Ek het self vir die twee albums 'n paar liedjies geskryf. Dis die eerste keer wat ek my eie liedjies sing!

**Jy is so 'n positiewe mens. Is daar iets wat jy graag vir die mammas in Suid-Afrika wil sê?**
Hou moed. Wees dankbaar vir dit wat jy het. Bid elke aand. Weet jy is nie alleen nie. Vra vir hulp en praat oor die dinge wat jou pla. Werk aan dit wat jy kort. Wees meer geduldig met jou familie. Luister na hulle. Gee jou man so elke nou en dan 'n drukkie of soentjie dat hy weet jy het hom lief. Sê vir die mense vir wie jy lief is "ek het jou lief" – môre is dalk te laat. Wees altyd net jy. Dink positief – dit wat jy dink manifesteer in jou lewe! And read the signs – they are all around!





AFRIKAANSE
storieboekies
vir voorlees
voor slaaptyd!

www.AnnaEmm.co.za



© Anna Emm Productions 2012

# Jou kind en groepsdruk



Alle kinders ervaar groepsdruk. Dit is wanneer hulle iets doen wat hulle nie regtig wou doen nie omdat hulle druk van hulle maats ervaar het.

Dit kan vererger wanneer jou kind een of twee slegte vriende het wat ’n negatiewe invloed op hom het.

Party kinders is aangetrokke tot hierdie soort geselskap omdat hulle aandag soek by hulle ouers of vriende, omdat hulle nie ander vriende het nie, omdat hulle hou van die opwinding van in die moeilikheid beland, of omdat hulle min selfvertroue het om daarteen op te staan. Doen van vroeg af al moeite om ’n goeie verhouding met jou kind op te bou, waar julle openlik en eerlik oor alle onderwerpe kan gesels.

Kinders wat ’n goeie verhouding met hulle ouers het, is baie meer weerbaar teen groepsdruk en sal eerder met hulle ouers gaan praat wanneer daar probleme is, as met maats. Verduidelik vir jou kind hoe groepsdruk werk – dat alle mense graag wil inpas en dat dit maar moeilik is om soms die enigste een te wees wat anders is.

Kinders wat die proses verstaan, sal dit ook makliker identifiseer en nie sommer ingee nie. Beplan gereelde aktiwiteite wat julle as gesin kan saamdoen, want dit sal jou kind ook meer weerbaar maak teen groepsdruk as hy kwaliteittyd met sy gesin het.

Moedig hom aan om vriende te maak met kinders wat ’n goeie invloed is, nooi hulle om te kom speel en wys hulle positiewe eienskappe vir jou kind uit. Moenie sy maats kritiseer nie, maar wys vir hom op negatiewe dinge, deur bv. te sê: “Elke keer wat daardie maatjie hier gespeel het, is jy ongelukkig. Wie kan ons volgende keer nooi wat jou nie ongelukkig gaan maak nie?”

Leer jou kind se maats se ouers ken, sodat jy beter kan identifiseer aan watter invloede hy blootgestel word. Sorg dat jou kind van kleins af aan ’n groot verskeidenheid maats blootgestel word, en nie net heeltyd met dieselfde kinders speel nie.

Hy moet die persoonlikhede kan vergelyk sodat hy uiteindelik ’n goeie besluit kan neem oor watter maats die beste by hom pas.

Prys jou kind wanneer hy goeie eienskappe in ander kan raaksien, en deel jou eie ervaringe rondom slegte vriende met hom.

Hy sal vrymoedigheid hê om sy probleme met maats met jou te bespreek. Wees voorkomend en vorm sy gedagtes rondom maats terwyl hy klein is.




Die storie "Timmie in die moeilikheid" help om kinders weerbaar teen groepsdruk te maak.

Vita Stories

24 Dierestories wat kinders help met kwessies soos boelies, terg, egskeiding, groepsdruk, bang vir die donker, en spanning.

Slegs R40 per CD!

Kies van 24 onderwerpe



www.AnnaEmm.co.za

DIE Vita Stories REEKS




is ´n versameling van 24 heerlike dierestories op CD, vir kinders 3-9.
Elke storie is geskryf rondom ´n ander sosiale kwessie
en word ingespan om vir kinders lewensvaardighede,
emosionele weerbaarheid en positiewe gedagtepatrone te leer.

Elke CD sluit in : ´n luisterstorie oor ´n spesifieke kwessie, ´n inkleurprentjie, ´n ouerhandleiding, en die storie in teksformaat vir voorlees.



CD1: Die oranje stertjie - EGSKEIDING
CD2: Frikke die erdwurm - VREES VIR DIE DONKER
CD3: Daar was eenmaal 'n kewertjie - MISLUKKING
CD4: Die beertjie met die seer tand - SKEIDINGSANGS
CD5: Lappie die teddiebeer - NUWE BABA
CD6: Skilpad en die jakkalsies - BOELIES
CD7: Voëls van die sonskynbos - DOOD IN DIE FAMILIE
CD8: Nollie die klein varkie - AGGRESSIEWE GEDRAG
CD9: Wie sing so? - SPANNING IN DIE HUIS
CD10: Pietertjie en Paultjie - SIEKTE IN DIE FAMILIE
CD11: Timmie in die moeilikheid - GROEPSDRUK
CD12: Topsie die seekat - DIE EENKANTKIND
CD13: Kosie Krokodil - MISLUKKING
CD14: Die ou hoekie en nuwe hoekie - EGSKEIDING
CD15: Ignatius gaan skooltoe - VREES VIR SKOOL
CD16: Stompie is ongelukkig - DEPRESSIE
CD17: Dingetjie sonder naam - LAE SELFBEELD
CD18: Wat is fout met Michael? - SPANNING
CD19: Montie die apie - DIE EENKANTKIND
CD20: Sewe klein katjies - TERG
CD21: Dippie tel 'n eiertjie op - HARTSEER
CD22: Moenie die bessies eet nie - DWELMS
CD23: Kleinbeer se geheim - MISHANDELING
CD24: Bang Bennie - VREES

R40 per dubbel CD / R850 vir die reeks van 24
www.AnnaEmm.co.za

© Anna Emm Productions 2012

PIENKVOET Pret
waar grootword kinderspeletjies is

# Speel-speel groot!

deur
Anelia Prinsloo



**STIMULEER SPEEL-SPEEL**
**WAT IS STIMULASIE?**
Nuwe vaardighede word deur jou baba aangeleer as hy voorwerpe, apparaat of speletjies so hanteer dat hy iets daaruit leer. Deur oefening en herhaling word sy brein gestimuleer en word die spesifieke taak of mylpaal vir hom al hoe makliker.

**HOE VIND STIMULASIE PLAAS?**

- Jy as ouer of oppasser kan vir jou kind stap vir stap 'n taak aanleer bv. hoe om 'n bal te vang, skop, slaan of gooi.
- Jou baba leer op 'n informele wyse deur speelgoed of apparaat wat vir hom neergesit word. Sy vaardighede kan wel verbeter word sonder leiding, maar met spesifieke leiding deur die ouer of oppasser, gebeur die proses net vinniger en meer doeltreffend.
- Babas word ook gestimuleer deur ander dop te hou, hul voorbeeld te volg en hul dan na te boots. Dink byvoorbeeld aan die manier hoe hul 'n taal aanleer. Klanke, en later woorde, word herhaal.

Ongelukkig is ouers se tyd deesdae baie beperk. Maar almal wil graag hul kinders so doeltreffend moontlik stimuleer. Skep dus vir jou kind 'n stimulerende omgewing waar hy vaardighede kan ontdek, aanleer en gereeld kan herhaal. Dit maak hom ook kreatief, en leer hom om ook op sy eie te kan speel.

**HOE LYK 'N STIMULERENDE OMGEWING?**
Jou baba se omgewing moet aan hom die geleentheid gee om te leer. As hy heeldag op 'n kombersie lê of in 'n waentjie sit sonder enige speelgoed, voorwerpe of musiek in sy onmiddelikke omgewing, kan stimulasie nie plaasvind nie! Sy omgewing moet ook veilig en vriendelik wees sodat hy die vrymoedigheid sal wil hê om aan die leerproses te wil deelneem.

Sy omgewing moet ook al sy sintuie prikkel bv:

- Gesig: Sorg vir genoeg kleur, vorms, beweging en dimensies in sy omgewing.
- Gehoor: Stilte is nie stimulerend nie! Jou baba wil asseblief rympies, liedjies, stories, ritme, geluide, stemme en taal hoor.
- Tas: Stel jou baba aan growwe, gladde, harde, sagte, taai, nat, koue, en warm teksture bekend. Laat hul dit ook met hul monde ontdek. En onthou, jy kan jou kind nie genoeg aanraak, streel, kielie, vashou of vertroetel nie!
- Smaak: Stel hul bekend aan bitter, suur, soet en sout smake van kos en voorwerpe.
- Reuk: Leer jou kind hoe ruik gras, grond, modder, 'n hond, laventel, skeerroom, koffie, kruie, vanilla ens ens…. 'n Lekker uitstappie in die tuin.
- Motories: Beweging, swaai, hang, rol, klim en klouter moet alles ingeoefen word. Loop op 'n plank om jou balans te hou. Doen kruiwastoot met jou baba! Laat hy ryg, knip, verf, teken en met klei speel.

Geniet die stimulering van jou kind! Doen dit met jou volle aandag en oorvloedige liefde!

Ek nooi jou uit om 'n gratis les te kom bywoon by PIENKVOET-PRET waar ons al spelende leer. Babas tussen 3 maande en 3 jaar woon die klas saam met mamma by. Klasse is 'n uur en 'n half lank en tydens die les word alle vlakke van ontwikkeling aangeraak. Ons leer jou hoe om jou baba speel-speel te stimuleer en gee vir jou wenke en idees wat jy tuis kan herhaal.

Besoek gerus webwerf by www.pienkvoetpret.co.za en word 'n vriend van ons op Facebook!

SKIN KIDZ Velprodukte
vir kinders 5-12 jaar
* Sonskerm SPF30 500ml (R275)
* Gel Wash 200ml (R69)
* Cream Wash 200ml
(R75) - verlig ekseem
* Moisturizer 100ml (R79)
* Lip balm (R25)
* After Sun Gel 200ml
(R50)
Beaudèle
Health & Beauty
021 930 1065





3 Pres. Brand St
Panorama
021 9301065
Beaudèle Health & Beauty cc
Take this voucher with you and pay only
R99 for a manicure, or R140 for a pedicure!!

© Anna Emm Productions 2012



## **"Pop-up" kaartjies** Verras jou juffrou met hierdie kleurvolle kaartjie!




**Benodig:**

Verskillende kleure A4 grootte kartonne

Sker

GomKoki/pen

**Metode:**

1. Vou twee kartonne in die helfte. Die een sal die buitekant van die kaartjie wees en die ander een die binnekant.
2. Gebruik die karton wat aan die binnekant gaan wees en sny 'n 3cm lyntjie van die rugkant van die karton af. Sny dit ongeveer 3cm van die regterkant van die karton af.
3. Herhaal nr 2 ook aan die linkerkant van die kaartjie.
4. Vou die kaartjie sodat die twee flappies wat jy nou net gemaak het opstaan aan die binnekant van die kaartjie.
5. Sny nou 'n 6cm lyntjie van die rugkant van die karton af – 6cm van die regterkant van die karton af, en herhaal ook van die linkerkant.
6. Vou weer die kaartjie sodat die middelste flap nou ook opstaan aan die binnekant.
7. Jy sal nou twee kleiner flappies aan die buitekante van die kaartjie hê en 'n grote in die middel.
8. Nou begin die lekker deel! Knip allerhande vorms (hartjies, blom metjies, diertjies, son, maan, sterre!) uit gekleurde karton en plak dit op die flappies van jou kaartjie. Maak seker dat dit nie oor die kante van die kaartjie steek wanneer jy die kaartjie toevou nie.
9. Vou eers weer jou binne-kaartjie plat en skryf nou jou boodskappie.
10. Plak nou die binnekant op die buitekant.Om seker te maak dat jy nie die flappies vasplak nie, vou jou binnekant toe met die flappies na binne. Gom slegs op die binne-kant-kaartjie. Plak dan versigtig op die buite-kant-kaartjie.






**Bestanddele:**

1 pakkie Jellie
(kleur en geur van jou keuse!)
Verskillende Jellie diertjies
(Woolworths het see-diere en vissies)

**Benodig:**

Deurskynende glasbak vir 'n groot akwarium
Wynglase of kort bolglasies vir individuele akwariums
Bottermes

**Metode:**

1. Meng die jellie soos op die pakkie aangedui.
2. Gooi die gemengde jellie in die glasbak (of in individuele glasies).
3. Sit in die yskas om te stol.
4. Net voordat die Jellie heeltemal gestol het, gebruik 'n bottermes en maak gleufies in die jellie.
5. Gly die jellie diertjies versigtig in die gleufies, sodat die gestolde jellie weer die gleufie toemaak.
6. Sit weer in die yskas tot heeltemal gestol.
7. Bedien dadelik as poeding, 'n lekkerny, of partytjie lekkergoed!

**Idees:**

1. Moenie jellie lekkers met 'n sjokolade doppie of suiker doppie gebruik nie, aangesien die kleure dan vloei.
2. Gebruik ook vars bessies op die bodem van die glas vir klippies.





BOEKIE KLUB
0860 786 743
Kry die NUUTSTE top Afrikaanse storieboekies en ons eie Bertus Beer reeks aktiwiteitsboekies!
SLEGS R50pm
SLUIT AAN
Storietyd

© Anna Emm Productions 2012

# Ons plus twee



## Hoekom, hoekom, hoekom.

Met 'n knaap wat vroeg weggespring het met praat het die vrae natuurlik ook vroeër as gewoonlik gekom. Toe hy nog klein was, wou hy altyd weet waar geluide vandaan kom – "maak so?". Dit was nie altyd maklik om te raai watter geluid nou juis sy aandag getrek het nie! Dit kon enigiets van die lorrie in die straat tot die kliek van die skakelaar teen die muur wees.

Ek het gedink die vrae sou makliker word, maar nou – drie jaar later – begin ek nogals verlang na daardie "maak so?" vrae. Ek is seker ek moet op enige gegewe dag ten minste honderd hoekom vrae beantwoord. En die antwoord mag nie eenvoudig wees nie, nee, hy wil detail hê. Met die gevolg dat die Wêreldspektrum en Mieliestronk.co.za my 2 gunsteling hulpmiddele op die oomblik is. Mamma se algemene kennis is besig om te groei teen 'n astronomiese spoed! Vanoggend terwyl ek nog slaapdronk probeer om pap te maak, kom die eerste sarsie vrae. Wat eet pylmotte? So begin my missie vir die dag toe – om uit te vind wat pylmotte eet. Na 'n groot soektog het ek darem uitgevind dat wat ons pylmotte noem eintlik valkmotte is. En hulle drink nektar - nes skoenlappers.


Op een van die ontdekkingstogte het ek ook uitgevind dat wat ons 'n vrugtemuskiet noem (daai muskiete met die laaaang bene) eintlik "Crane flies" is. Ook dat die volwasse vlieg selde eet. Hulle lewe eintlik net lank genoeg om voort te plant. Ek weet ook nou dat Daddylonglegs spinnekoppe wel kan byt, maar dat dit 'n miete is dat hulle giftig is. Ek oorweeg dit om 'n website te begin waar ek al hierdie onbruikbare inligting tot ander mammas se beskikking kan stel. So maak ons dit vir mekaar makliker! Gooi gerus die vrae die kant toe, ek moes waarskynlik een oggend dou voor dag al 'n antwoord daarop gesoek het!

*

*Lizelle Rademeyer woon saam met haar man en twee kinders, Ellard (4) en Salomie (2) op Stellenbosch.*

# Maak 'n Lekkerbekkie Muis dobbelsteentjie!

1. Kleur die prentjies en die kante van die dobbelsteentjie in met helder kleure.



2. Knip die dobbelsteentjie met die buitelyne langs uit.
3. Vou op al die lyntjies sodat al die kante na binne wys.
4. Smeer gom op al die geel strokies.
5. Vra vir Mamma of Pappa om jou te help om die dobbelsteentjie mooi netjies toe te plak dat dit 'n kubus vorm.




- Opvoedkundige Speelgoed
- Afrikaanse Boekies
- Eksklusiewe baba en kleuter produkte

www.babiesonline.co.za

© Anna Emm Productions 2012

# Meer as 800 kinderstories op Anna Emm se kerfstok!

*Sedert sy in 2004 haar produksiemaatskappy begin het, het Anna Emm al meer as 800 kinderstories geskryf en op CD en DVD vervaardig. Deesdae lees bekendes soos Vicky Davis, Antoinette Louw, Dorette Potgieter en Anrich Herbst al van haar kinderstories op CD voor…*

**Anna Emm vertel:**
Die eerste kinderstorie wat ek geskryf het was "Freddie die vissie". Dit was deel van 'n versameling stories wat ek geskryf het toe ek nog skoolgehou het. Later het ek besluit om 'n versameling van hierdie stories op CD op te neem en te verkoop. Die CDs was so gewild! Die ouers het gevra vir nog stories. Daar was 'n groot leemte in die mark vir kwaliteit kinderstories, en ek het met mening begin skryf! Vandag het ons al meer as 130 CDs vrygestel, en ek het voltydse personeel wat vir my werk sodat ons al die bestellings elke dag kan uitkry.

Ons het destyds deur al die musiekwinkels soos Musica versprei, maar dit het nie vir ons gewerk nie. Ons het geen kontak met ons kliënte gehad nie, en die CDs het "weggeraak" op die rak tussen ander produkte. Ons wou 'n verhouding met ons luisteraartjies opbou. Ek het besluit om ons produkte uit die groot winkels te onttrek en dit self te versprei deur ons website. Ons versprei ook na die Onderwysdepartement aan skole en biblioteke, en 'n hele paar kleiner boek- en speelgoedwinkeltjies. Heelwat spelterapeute en kleuterskole koop ook al ons CDs aan. Dis baie meer bevredigend (vir ons én ons kliënte). Ons kantore in Panorama, Kaapstad, het ook 'n "showroom" waar kliënte kan kom produkte koop.

Ek glo dat alle goeie stories terapeuties is – veral vir kinders. Daarom is dit vir my belangrik dat al ons stories "heilsaam" moet wees. Niks bangmaakgoed of hekse of toordery nie! Ek probeer om kinders se kreatiwiteit te stimuleer en hulle "buite die boks" te laat dink, en sal daarom altyd snaakse sêgoed, koddige karakters, en allerhande eienaardighede in die stories sit. Die kinders "love" dit! Ek hoop dat ons nog miljoene stories die wêreld in sal stuur – vir kinders én grootmense – en dat dit almal wat daarna luister of kyk sal inspireer, sal voed, en sal laat glimlag. Daar is te veel "ugliness" in die wêreld. "I want to fight it by creating beauty!""

Besoek www.AnnaEmm.co.za vir meer inligting oor Anna Emm Productions se produkte.










# Onthou jy nog hierdie sprokies?













CD 1:
1. Die drie varkies
2. Die gemmerbroodmannetjie
3. Die goue gans
4. Die drie rammetjies rof
5. Rooikappie
6. Die paddaprins

CD 2:
1. Gouelokkies en die drie bere
2. Die musikante van Bremen
3. Die koning se nuwe klere
4. Die prinses en die ertjie
5. Die ses diensknegte
6. Die gestewelde kat

CD 3:
1. Repelsteeltjie
2. Die dapper kleremakertjie
3. Raponsie
4. Die wolf en die bokkies
5. Dommerik
6. Klein Duimpie

CD 4:
1. Jan in die boontjierank
2. Hoekom die see so sout is
3. Die skoenmaker en die elfies
4. Die drie dommies
5. Doringrosie
6. Die tonteldoos

CDs R100 elk

**Bestel by mail@annaemm.co.za of 021 911 5618**

© Anna Emm Productions 2012

## "Wat is die slaap 'n wondersoete ding!"

Ons lesers deel hulle fotos - elkeen van hierdie maatjies wen 'n Storieklub CD! Baie geluk!



Jenna Redpath (1)



Ryan (2) & Alexi Schoeman



AJ Small (11weke)



Benn Jorgensen (1)



Estie Fourie (2 wke)



Deidré Jansen van Vuuren (1)



Nica de Villiers (1)



Leoné Erasmus (2)



Phillip van der Walt (3) en Levi



Mia Coetzee



Wynand Viviers (1)



Suné Basson



Servaas (3) en Johan (1) Prinsloo

© Anna Emm Productions 2012




## Storieklub-vorm Voltooi en faks na 086 726 5384

**Persoonlike Besonderhede**

Rekeninghouer: ______________________________

Posadres: ______________________________

Huis nr: ______________ Sel: ______________

Epos: ______________________________

Stuur asb my CDs met:

□ **Gewone pos (GRATIS)** Totaal = R79.00

□ **Met verwysingsnommer (R20.00)** Totaal = R99.00

Debiteer my rekening op die 1ste werksdag van elke maand:

Bank: ______________ Tak: ______________

Takkode: ______________ Rek.tipe: ______________

Naamhouer van rekening: ______________________________

Rekeningnommer: ______________________________

**Debit order authorisation:**
This signed Authority and Mandate refers to our contract as dated as on signature hereof ("the Agreement"). I / We hereby authorise you to issue and deliver payment instructions to the bank for collection against my / our abovementioned account at my / our above mentioned bank (or any other bank or branch to which I / We may transfer my / our account) on condition that the sum of such payment instructions will never exceed my / our obligations as agreed to in the Agreement, and commencing on the commencement date and continuing until this Authority and Mandate is terminated by me / us by giving you notice in writing of no less than 20 ordinary working days, and sent by prepaid registered post or delivered to your address indicated above.The individual payment instructions so authorised to be issued must be issued and delivered as follows i. On the 1ste working day ("payment day") of each and every month commencing on the first date applicable following the date on this agreement. In the event that the payment day falls on a Saturday, Sunday or recognized South African public holiday, the payment day will automatically be the very next ordinary business day. Further, if there are insufficient funds in the nominated account to meet the obligation, you are entitled to track my account and re-present the instruction for payment as soon as sufficient funds are available in my account; ii. Monthly; on or after the dates when the obligation in terms of the Agreement is due and the amount of each individual payment instruction may not be more or less that the obligation due; I / We understand that the withdrawals hereby authorised will be processed through a computerized system provided by the South African Banks and I also understand that details of each withdrawal will be printed on my bank statement. Each transaction will contain a number, which must be included in the said payment instruction and if provided to you should enable you to identify the Agreement. A payment reference is added to this form before the issuing of any payment instruction. I / We shall not be entitled to any refund of amounts which you have withdrawn while this authority was in force, if such amounts were legally owing to you. I / We acknowledge that all payment instructions issued by you shall be treated by my/our above mentioned bank as if the instructions had been issued by me/us personally. I / We agree that although this Authority and Mandate may be cancelled by me / us, such cancellation will not cancel the Agreement. I / We shall not be entitled to any refund of amounts which you have withdrawn while this authority was in force, if such amounts were legally owing to you. I / We acknowledge that this Authority and Mandate has been ceded to Netcash (Pty) Ltd as per your agreement with Netcash (Pty) Ltd, but in the absence of such assignment of the Agreement, this Authority and Mandate will be null and void.

______________________ ______________________

Handtekening / Signature Datum / Date

## Kompetisie




Drie gelukkige lesers kan hierdie maand elk die eerste CD uit die gewilde "Bybel Buddies" reeks wen! Dis 'n dubbele CD met 6 lekkerluisterstories uit die Bybel, en 'n bonus CD met 6 inkleurprentjies.

**Vraag:** Watter Bybelstories verskyn op hierdie CD? (Antwoord by www.AnnaEmm.co.za)

**Hoe om in te skryf:** Stuur 'n epos met jou naam, kontaknommer, posadres en die antwoord op die vraag na lekkerbekkie@annaemm.co.za

Slegs een inskrywing per persoon! Sluitingsdatum: 25 Maart. Die wenner sal in die volgende uitgawe van Lekkerbekkie bekend gemaak word.

## Februarie se wenners!








Baie geluk aan Joshua Laurence (10mnde) van Pietermaritzburg, Linke du Toit (3) van Port Elizabeth en Ilané Perch (word in Junie gebore!) van Krugersdorp. Julle wen elk 'n CD met 4 lekkerluisterstories oor "Speurder Morris Muis"!

Vir meer besonderhede oor die hierdie CD en ander kinderstories op CD besoek www.AnnaEmm.co.za




Adverteer in die volgende Lekkerbekkie!

lekkerbekkie@annaemm.co.za

### Kontakbesonderhede

**Lekkerbekkie is 'n GRATIS maandelikse e-Tydskrif!**

As jy graag elke maand 'n nuwe Lekkerbekkie GRATIS wil ontvang stuur 'n epos na lekkerbekkie@annaemm.co.za.

**Wil jy nie meer uitgawes van Lekkerbekkie ontvang nie?**

Stuur 'n epos na lekkerbekkie@annaemm.co.za met die woord "UNSUBSCRIBE" in die *subject line*.